

# Vervreemding neem toe, sê FW

■ JORISNA BONTHUYS

KAAPSTAD. – Groeiende vervreemding tussen groepe dreig om die suksesse van die tweede dekade van demokrasie te ontspoor.

Oudpres. F.W. de Klerk het gister in Johannesburg op 'n byeenkoms van die Eskom Afrika-sakeleiers gesê die strewe na nasionale eenheid en versoening behoort nie agterweë te bly nie.

Sy toespraak getitel *South Africa – The Road Ahead* het onder meer gefokus op die invloed van wêreldgebeure op plaaslike werklikhede.

Hy het vier aspekte uitgesonder wat hy glo vooruitgang hier wesenslik kan beïnvloed. Dit is pogings om die lewensgehalte van armes te verbeter, swart ekonomiese bemagtiging, asook die vermoë om suksesvol internasionaal mee te ding.

"Ek is diep besorg oor die groeiende vervreemding tussen ons gemeenskappe. Onlangse navorsing bring onrusbarende feite na die voorgrond. Altesaam 72% van wit mans glo dat regstellende aksie hulle in tweederangse burgers verander het. Sowat 70% van swart

Suid-Afrikaners glo wit boere moet gedwing word om hul eiendom te verkoop. Minder as 25% van swart Suid-Afrikaners stem saam dat grondeienaars die reg behoort te hê om grondeise teen te staan. Die aanduidings is dat spanning tussen gemeenskappe toeneem," het hy gesê.

"Daar is weinig openlike gesprekvoering. Talle wittes maak in die openbaar politiek korrekte uitsprake oor hul steun vir transformasie, terwyl hulle hul kinders aanmoedig om oorsee te gaan werk. Gevolglik emigreer te veel wittes – hetsy oorsee of inwaarts na hul eie gemeenskappe.

"Ons as Suid-Afrikaners behoort meer in gesprek met mekaar te tree oor die uitdagings wat die tweede dekade (van demokrasie) ons bied. Ons vermoë om 'n gebalanseerde nasionale konsensus te vorm oor die uitdagings wat ons in die gesig staar, is van sleutelbelang."

De Klerk glo die onderwysstelsel moet verbeter om armes te help bemagtig. Voorts moet entrepreneur-skap aangemoedig word, terwyl grondhervorming doeltreffend, dog gebalanseerd moet plaasvind.